

# Kinderleiding om die Karakter van God te verstaan

deur Kevin J. Mullins

# Kinderleiding
# om die karakter van God
# te verstaan

Kevin J. Mullins

Gedruk deur

VadervanLiefde.com

Junie 2021

# Inhoud

Inleiding – 'n Woordjie aan ouers en voogde .......... 4

Wat sou Jesus doen? .......... 5

Julle moet julle vyande liefhê .......... 7

God is Liefde .......... 15

Die Vloed en die Karakter van God .......... 22

Die Plae van Egipte en die Karakter van God .......... 43

Giftige Slange en die Karakter van God .......... 50



*Kevin J. Mullins is 'n liefhebber van Bybelwaarhede soos geopenbaar deur Jesus as persoon. Hy is 'n eenvoudige leek wat lief is vir kinders en wil toesien dat hulle sukses behaal. Sy hooffokus is om God se karakter te verkondig en die leuens van die vyand te verwyder.*

*Kevin is woonagtig in Maine, VSA en het drie wonderlike kinders – twee volwassenes (Isaac en Haley) en een sesjarige (Eliana).*

# Inleiding – ‘n Woordjie aan ouers en voogde

Ek glo die probleem omtrent die verwarring oor God se karakter lê in ons begrip van HOE die Skrif korrek gelees en bestudeer word. Moet die Bybel letterlik gelees word? Ja, natuurlik! Let egter daarop dat dit die HELE Bybel is wat ons moet oorweeg, nie net een vers nie. Een vers sê miskien iets op een manier, maar 'n ander vers, wat dieselfde onderwerp dek, kan dit 'n bietjie anders verwoord. Wanneer ons die vele plekke in die Skrif wat oor ‘n sekere onderwerp gaan, kan byeenbring en vergelyk, dan sal ons weet dat ons die waarheid reg verstaan.

Dit is van kardinale belang om ons kinders te leer hoe om die Bybel te lees en te bestudeer. Baie kinders word groot en lees en hoor verskillende boodskappe van God. Wanneer hulle grootgeword het, begin hulle verhale in die Bybel lees wat lyk asof dit God beskryf as 'n wraakgierige tiran wat miljarde mense doodmaak, omdat hulle nie doen wat Hy beveel nie. Dit lei dikwels tot Ateïsme.

Daar is 'n groot beweging oor die hele wêreld aan die gang oor hierdie saak, wat duidelik gestel moet word voor Jesus se wederkoms. Baie mense kom tans tot 'n meer korrekte begrip van God se ware karakter. As gevolg hiervan is daar 'n groot aanvraag dat hierdie wonderlike waarheid aan ons kinders verduidelik word. Dit is om hierdie rede waarom hierdie bundel daar gestel is. Ek bid van harte dat nie net u ouer kinders geseënd is wanneer hulle dit lees nie, maar ook u as ouer of voog, wanneer u dit aan u liewe kleintjies voorlees. Indien u self 'n beter begrip van hierdie dinge wil hê, kan u ons webwerf besoek: *vadervanliefde.com*.

Ek bid dat hierdie klein boekie 'n uitstekende hulpmiddel sal wees om u kind te help om 'n diepgewortelde liefde te ontwikkel vir hul hemelse Vader wat hulle baie goed versorg en hulle vir 'n groot doel geskep het.

*Kevin J. Mullins*

# Wat sou Jesus doen?



Watter woorde kom in jou gedagtes op wanneer jy dink aan die karakter van Jesus? Goedheid? Liefdevol? Vergifnis? Wat van sorgsaamheid?

Dink nou aan 'n paar woorde wat ons hemelse Vader beskryf. Is dit ander woorde, of dieselfde woorde? Dink jy God die Vader tree anders op as Sy Seun Jesus?

Eendag het een van Jesus se dissipels, Filippus, Hom gevra om aan hulle die Vader te wys. Jesus se antwoord was:

> **Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'? ~ Johannes 14:9.**

Dit is 'n BAIE belangrike waarheid wat Jesus vir ons gesê het. Ons hemelse Vader tree nie anders op as Jesus nie. Trouens, dit is waarom Jesus na hierdie wêreld gekom het. Hy het ons presies kom wys hoe ons Vader optree. Een

aand terwyl Jesus gebid het, het Hy hierdie woorde aan sy Vader gesê:

> **Ek het U op die aarde VERHEERLIK deur die werk klaar te maak wat U My gegee het om te doen. ~ John 17:4.**

Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het dat Hy sy Vader "verheerlik" het? Dit beteken dat Hy ons gewys het hoe ons Vader optree. Alles wat Jesus gesê en gedoen het, het Sy Vader "verheerlik."

Het jy al hierdie vier letters gesien - WWJD? Hierdie letters is 'n kort manier om ons 'n vraag te stel. Weet jy wat die vraag is? Die vraag is: Wat sou Jesus doen? (**W**hat **W**ould **J**esus **D**o?)




Baie mense vra hierdie vraag wanneer hulle 'n baie belangrike besluit moet neem. Wat behoort jy te doen as iemand nie vriendelik is met jou nie? Wel, dit is wanneer baie mense die vraag stel: Wat sou Jesus doen?

Wat sou Jesus doen as iemand nie vriendelik met Hom was nie? Sou Hy daardie persoon wou seermaak? Sou Hy lelik terugpraat? Sou Hy met hulle baklei? Het jy geweet dat dit

baie kere gebeur het dat mense nie baie vriendelik met Jesus was nie? Ek dink ons moet na 'n paar van hierdie verhale kyk, sodat ons ‘n goeie antwoord op ons vraag kan kry: Wat sou Jesus doen?

## Julle moet julle vyande liefhê

Daar was baie godsdiensleiers wat nie gehou het van die dinge wat Jesus die mense geleer het nie. Hulle het baie ontsteld geraak omdat baie mense na Jesus gegaan het vir antwoorde op hul vrae oor God en sy karakter. Hierdie leiers wou hê dat die mense liewers na hulle moes kom vir al die antwoorde. Hulle moes 'n manier vind om van Jesus ontslae te raak. Hulle het 'n plan beraam om Jesus te laat arresteer.

Een aand, terwyl Jesus by sy beste vriende was, het sommige van hierdie leiers en 'n paar Romeinse soldate gekom om Jesus weg te neem. Een van Jesus se vriende, met die naam van Petrus, het regtig ontsteld geraak hieroor en hy het 'n swaard uitgehaal en een van die mans se ore afgekap! EINA! Wat dink jy het Jesus vir Petrus gesê? Dink jy dat Hy gesê het: 'Goeie werk, Petrus!'? Was Jesus bly dat sy vriend Hom op hierdie manier probeer help het? Nee, Hy was nie.

Die man wie se oor afgekap is, het die naam Malgus gehad.

Toe Jesus sien dat Malgus hartseer is en seergekry het, het Hy Sy hand uitgesteek en sy oor aangeraak en hom genees. Jesus het vir Malgus 'n splinternuwe oor gegee! Kom ons lees hierdie verhaal uit die Bybel:

> **Toe dié wat saam met Jesus was, sien wat gaan gebeur, vra hulle: "Here, moet ons hulle met die swaard aanval?" Petrus slaan toe na die slaaf van die hoëpriester, Malgus, en kap sy regteroor af. Maar Jesus sê aan Petrus: "Hou op, dit is genoeg!" Daarna het Hy die oor aangeraak en hom genees. ~ Lukas 22:49-51; Johannes 18:10.**

Sjoe! Alhoewel hierdie mense daar was om Hom in hegtenis te neem, was Jesus steeds vriendelik met hulle. Malgus het Jesus probeer seermaak, maar Jesus het Malgus genees en gehelp.



Jesus weet dat ons nie van nature vriendelik is teenoor onvriendelike mense nie. Daarom moet ons Jesus om hulp vra. As iemand onvriendelik teenoor jou is, probeer om te bid dat Jesus in jou hart kom sodat jy ander kan behandel soos Hy ander behandel. Kyk mooi wat Jesus hieronder sê:

> **Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.'~ Matteus 5:43.**

O gits! Kom ons stop net hier vir 'n oomblik. Het jy al gehoor dat mense dit sê? Jy het miskien nog nie gehoor dat mense dit sê nie, maar dit is hoe baie mense optree.

Dit is maklik om 'n maat lief te hê, maar dit is nie so maklik om iemand wat ons vyand is, lief te hê nie, iemand wat ons altyd probeer seermaak. Kan jy aan iemand dink wat nie baie vriendelik teenoor jou is nie? Miskien het die persoon vir jou gelag of jou rondgestoot.



Laat ons verder lees om te sien wat Jesus sê oor hoe ons mense wat soms lelik optree behoort te behandel:

**Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê en julle moet bid vir dié wat lelik teenoor julle optree. Dan sal julle optree soos julle Vader in die hemel. ~ Matthew 5:44-45.**

Is dit nie wonderlik nie? Jesus sê vir ons dat ons ons vyande moet liefhê en moet bid vir almal wat lelik optree teenoor ons. Al is hulle lelik met ons, moet ons hulle steeds liefhê, ongeag wat hulle doen of sê.



"Maar waarom moet ons vir hulle bid?" mag jy dalk vra, "Dit is nie hulle wat hulp nodig het nie." Dit is 'n belangrike vraag. Dit lyk tog of die een wat rondgestoot word en vir wie daar gelag is, die meeste hulp nodig het. Dink daaraan op 'n ander manier. As iemand vir jou lag omdat jy bloot 'n fout begaan het, kan jy dit net ignoreer en wegstap.

Of miskien kan jy selfs probeer om saam met hulle daaroor te lag. As hulle sien dat dit jou nie pla nie, staak hulle dit gewoonlik.

Die seun of meisie wat lag vir jou en lelik is, vind dit somtyds BAIE moeilik om werklik vriendelik te wees.

Miskien is daar iemand by hul huis wat altyd lelik met hulle

is en dus is dit die enigste optrede wat hulle ken. As jy regtig daaroor nadink, is die een wat gemeen is, eintlik die een wat meer hulp nodig het.

Hoe leliker die persoon optree, hoe meer het daardie persoon Jesus nodig om hulle te help. Bid liewer vir hulle. Bid vir hulle omdat jy van hulle hou en vir hulle omgee, selfs al is hulle sleg met jou.



Was Jesus lief vir diegene wat gemeen was met Hom? Het Hy vir hulle gebid? Ja! Nadat Jesus deur daardie mense weggeneem is, het hulle Hom uitgelag. Hulle het op Hom gespoeg. Hulle het selfs Sy hande en voete aan 'n kruis vasgespyker! Het Jesus vir hulle gebid? Ja, Hy het:




Dit het plaasgevind 'n paar uur voordat Jesus aan daardie kruis gesterwe het en tog het Hy geweet dat die mense wat lelik was teenoor Hom, diegene was wat regtig hulp nodig gehad het, en daarom het Hy vir hulle gebid. Jesus het geweet dat sy Vader Hom weer lewend kon maak. Jesus het sy Vader vertrou. Hy het gebid dat ander ook op Hom sou vertrou.

Ongelukkig het diegene wat gemeen was, nie vir Jesus of Sy

Vader liefgehad nie. Hulle wou niks met hul boodskap van liefde te doen hê nie. Jesus het hartseer vir hulle gevoel. Hy het geweet dat sy Vader almal reeds vergewe het, selfs hierdie mense wat lelik met Hom was. Hy het gebid dat hulle God se vergifnis sou aanvaar en die geluk ervaar om 'n kind van God te wees. God het ons lief, ongeag wat ons verkeerd gedoen het.

Onthou die woorde van jou Vader in die hemel wanneer jy hartseer voel oor iets wat jy verkeerd gedoen het:

> **Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde, daarom het Ek jou getrek met goedheid. ~ Jeremia 31:3.**

God se liefde aan ons is "ewig." Dit beteken dat sy liefde vir ons NOOIT tot 'n einde sal kom nie.

Moenie die belangrikste punt wat Jesus vroeër gesê het, onderaan bladsy 9 misloop nie. Hy het gesê dat ons ons vyande moet liefhet en vir hulle bid, "dan sal jy optree soos jou Vader in die hemel." Hier kan ons sien dat God sy vyande liefhet. Hy is steeds lief vir diegene wat Hom nie liefhet nie. Jesus het verder gesê:

> **As julle net goed doen teenoor iemand wat goed doen aan julle, sal God daaroor met julle tevrede wees? Selfs diegene wat God nie liefhet nie, doen goed teenoor mense wat goed doen teenoor hulle ... Maar julle moet jul vyande liefhê en goed wees**

**vir hulle … en julle sal kinders van die Allerhoogste wees, want Hy is goedhartig teenoor die ondankbare en die slegtes. Wees dus teer, liefdevol en goedhartig, soos julle Vader ook teer, liefdevol en goedhartig is. ~ Lukas 6:33,35,36.**

Het jy ingeneem wat Jesus hier gesê het? Hy sê God is altyd "goedhartig teenoor die ondankbare en die slegtes."

Ek bid dat jy God se karakter 'n bietjie beter begin verstaan as voorheen. Daar is baie mense wat verkeerde dinge oor God sê. Hulle sê dat Hy mense wat Hom nie liefhet nie, seermaak. Hierdie soort lering veroorsaak dat mense bang is vir God. Hulle is bang dat Hy hulle sal seermaak as hulle nie doen wat Hy sê nie. Gelukkig het ons nou geleer dat Hy ALTYD teer, liefdevol en goedhartig is teenoor diegene wat ondankbaar en lelik met Hom is.



## God is Liefde

Johannes was een van Jesus se vriende. Hy het Jesus baie goed geken en die dinge verstaan wat Jesus oor sy Vader in die hemel gesê het. Johannes het oor God se liefde geskryf:

> **My liewe vriende, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God ... want God is liefde. ~ 1 John 4:7-8.**

Johannes sê, "God is liefde." Ware liefde kom van God af. As ons ander op die regte manier wil liefhê, moet ons toelaat dat God binne ons leef. Hy kom woon in ons deur Sy Heilige Gees van liefde. Wanneer ons toelaat dat God se Heilige Gees in ons woon, sal ons leef soos Hy leef. Ons sal ander liefhê soos Hy ander liefhet.



Onthou jy dat Jesus op bladsy 6 gesê het dat Hy die werk wat Sy Vader Hom gegee het, voltooi het? Onthou jy wat


daardie werk was? Dit is reg, Hy het sy Vader "verheerlik". Wanneer ons lees oor al die goeie dinge wat Jesus gedoen het, moet ons onthou dat Hy ons help om te sien hoe ons Vader in die hemel altyd optree. Psalms sê: “Die hemele vertel ons van die heerlikheid van God.” (Psalm 19:2). Paulus skryf dat, alhoewel ons God nie kan sien nie, sy karaktereienskappe duidelik gesien en verstaan word deur die dinge wat Hy gemaak het (Romeine 1:20). Sjoe, nie net ons mense nie, maar selfs die son, maan, sterre, bome en diere is geskep om soos Hy op te tree.


Ons neem Suurstof in

Haal nou baie diep asem. As ons asemhaal, neem ons suurstof in. Het jy geweet dat bome ons die suurstof gee wat ons inasem? Dit is reg, maar het jy geweet dat bome ook asemhaal? Ja, hulle asem iets in wat koolstofdioksied genoem word. Wat wonderlik is, is dat ons koolstofdioksied uitasem nadat ons suurstof ingeasem het. Só kan die bome asemhaal. Hulle gee aan ons suurstof en ons gee aan hulle koolstofdioksied. Dit is 'n groot kringloop wat uitdeel!


Ons asem Koolstofdioksied uit

So wys die hele skepping van God ons hoe Hy is. Hy is 'n liefdevolle Vader wat ons altyd gee wat ons nodig het. Is dit




nie vertroostend nie?

Hierdie sirkel wat dwarsdeur God se skepping uitdeel, word sy Wet genoem. Dit is die wet van die lewe en liefde. God het ons nie sy wet gegee om oor ons baas te speel en ons te laat doen wat Hy sê nie. Nee. Sy wet is daar vir ons beskerming, omdat Hy ons liefhet.

God het ons geskape en daarom is Hy die enigste een wat weet wat die beste vir ons is. As ons sou ophou asemhaal, sou dit God se lewenswet oortree en ons sou sterf. God is nie die een wat die dood veroorsaak as jy sy wet oortree nie. God dissiplineer jou nie op hierdie manier nie. Dit is NIE hoe God se Wet funksioneer nie.

Byvoorbeeld: Laat ons voorgee dat jy en 'n maat by jou huis speel. Dit is regtig 'n warm dag. Jou ma sit 'n groot waaier aan. Jy waarsku jou maat om nie sy vingers in die waaier te steek nie, anders sal hy seerkry. Hoekom het jy jou maat gewaarsku? Hieronder is twee redes. Omkring die korrekte.

***1.*** Jy het jou maat gewaarsku nie sy vingers in die waaier te steek nie, omdat jy oor hom wil baasspeel en as hy dit doen, sal JY hom seermaak.

***2.*** Jy het jou maat gewaarsku om nie sy vingers in die waaier te steek nie, want jy gee om vir hom, en wil nie hê dat die WAAIER sy vingers moet seermaak nie.

Ek is seker dat jy nommer 2 omkring het. As ons God se wet oortree, word dit 'sonde' genoem. Johannes sê vir ons dat "sonde immers die oortreding van die wet van God is." (1 Johannes 3: 4). Sonde is die keuse om selfsugtig te wees, en selfsug is om nie deel te wil hê aan God se plan vir jou lewe (Sy plan om vir jou te sorg) nie.

Wat sou gebeur as jou maat besluit om nie na jou te luister nie en sy vingers in die waaier te steek? Hy sou seerkry. Het jy hom seergemaak of die waaier? Dit is reg, die waaier het. Dit is hoe sonde werk. Indien ons nie na God se instruksies luister nie, maak ons ONSSELF seer. Dit is NIE God wat ons seermaak as ons sondig nie.

Onthou, God is liefde. God se wet vertel ons van God se karakter (hoe Hy leef) en waarsku ons oor die gevare van sonde. 'n Man met die naam Paulus het God se wet soos volg beskryf:

> **Liefde doen ander geen kwaad aan nie, want liefde is die wet waarop die lewe ontwerp is. ~ Romans 13:10.**

As ons lewe volgens die voorskrifte van God se wet, sal ons ander geen kwaad aandoen nie. Ons sal hulle nie seermaak nie, selfs al maak hulle ons seer. Ons sal ander liefhê soos God ander liefhet.

Op 'n dag het iemand na Jesus gekom en gevra: "Wat is die heel grootste gebod?" (Markus 12:28). Wat dink jy is God

se belangrikste opdrag aan ons? Wel, dit is wonderlik dat Jesus ons die antwoord gegee het. Hy het gesê:

> **"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag." En die tweede belangrikste: "Jy moet ander liefhê soos jouself." Daar is geen ander gebod groter as dié nie. ~ Markus 12:30-31.**

Die belangrikste opdrag wat God ons gegee het, is dus om Hom lief te hê en nooit toe te laat dat ons liefde vir Hom wegkwyn nie. Die tweede belangrikste opdrag is om ander lief te hê soos onsself. Jy wil nie hê dat iets skadelik of sleg met jouself moet gebeur nie, of hoe? Natuurlik nie. Met ander woorde, ons moet ander geen skade berokken nie.

Waarom dink jy is die belangrikste opdrag om God eerste lief te hê? Is God selfsugtig? Nee. Die antwoord lê in die manier waarop ons ons liefde aan God betoon. Ons wys ons liefde aan God deur toe te laat dat Hy ons seën. Wanneer ons dit doen, sal Hy in ons woon en ons die krag gee om ander lief te hê op die regte manier. Hierdie krag word God se GENADE genoem. Sy genade gee ons die krag om gehoorsaam teenoor Sy Wet van onselfsugtige liefde te wees (Romans 1:5; Titus 2:11,12). Nie een van ons sal kan asem haal sonder God se genade nie.

Het jy al 'n afstandbeheerde speelding gehad? Wat het die speelding nodig om te beweeg? Ja, dit benodig batterye.



Dink aan God as jou battery. Jy het Hom nodig sodat jy kan beweeg, dink, praat, hoor, ruik en sien.

Dit is die manier hoe Jesus leef. Hy het gesê: "Alles is aan My gegee deur my Vader." (Lukas 10:22). Jesus kon al die wonderlike dinge doen en mense help omdat Hy Sy Vader toegelaat het om in Hom te woon. Hy het God se genade aanvaar deur God toe te laat om Sy battery te wees (Lukas 2:40) Jesus het gesê:

> **... Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; my Vader wat in My bly, Hy doen die werk. ~ Johannes 14:10.**

Alles wat Jesus gedoen het, was die werk van sy Vader. Dit is waarom Jesus vir Filippus gesê het: *"Elkeen wat My gesien het, het die Vader gesien." (Johannes 14: 9).*

Het Jesus ooit enigiemand seergemaak? Nee. Hoekom nie? Want God maak NOOIT enigiemand seer nie. Het Jesus enigiemand se gevoelens seergemaak? Nee. Hoekom nie? Omdat God nooit enigiemand se gevoelens sou seermaak nie. Het Jesus mense altyd gehelp en genees? Ja! Hoekom? Omdat God mense altyd help en genees.

Was jy al siek? Miskien verkoue of maagpyn? Het jou ma of

pa jou berispe omdat jy siek was? Het hulle jou gestraf? Glad nie! Wat het hulle gedoen? Hulle het jou gehelp om gesond te word, of hoe? Ja. Miskien het hulle jou selfs medisyne gegee, sodat jy weer gesond kan word.

Sonde is soos 'n siekte. Dink jy dat jou hemelse Vader met jou sal raas? Dink jy dat Hy jou sal straf omdat jy siek is? Glad nie! Hy wil jou help om gesond te word. Hy wil nie van jou ontslae raak nie, Hy wil jou medisyne gee om van die *sonde* ontslae te raak wat veroorsaak dat jy siek is.



Die medisyne wat God vir ons gee, is sy Seun Jesus. Dit is reg, God se medisyne is 'n persoon! Net soos ons medisyne drink en dit in ons liggaam ingaan, moet ons Jesus in ons laat leef. Jesus kan van die sonde ontslae raak wat ons siek maak. Ons kan nie gesond word sonder Hom nie. Jesus het vir ons gesê: *"Sonder My kan julle niks doen nie." (Johannes 15: 5).*

Onthou, die werk wat Jesus doen, is die werk wat sy Vader deur Hom doen. Die medisyne wat ons gesond maak, is dus ons Vader wat deur Jesus werk.

Wanneer sonde begin verdwyn, begin ons meer soos ons

Vader optree. Ons sal teer, liefdevol en vriendelik teenoor ander wees, want God is altyd teer, liefdevol en vriendelik.

## Die Vloed en die Karakter van God

Noudat ons 'n bietjie meer van God se karakter weet, kom ons lees 'n paar verhale in die Bybel wat moeilik is om te verstaan. Hierdie verhale praat klaarblyklik daaroor dat God mense seergemaak het. Maar ons het geleer dat God nooit mense seermaak nie. Hy sorg altyd vir almal, selfs mense wat nie van Hom hou nie. Kom ons gaan na die boek Genesis en lees die eerste verhaal – die verhaal oor 'n vloed wat die hele aarde bedek het.

> **Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die gedagtes wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, was Here jammer vir die mens en daar was smart in sy hart. Die Here sê: "Ek sal elke lewende wese van die aarde vernietig, die mense, die diere, die voëls en die reptiele; want Ek is jammer dat Ek hulle gemaak het." ~ Genesis 6:5-7.**

O gits, sê God regtig dat Hy hierdie mense gaan vernietig? Gaan Hy hulle regtig seermaak omdat hulle nie soos Hy optree nie? As mens dit lees, klink dit asof God gemengde gevoelens het. Eers is Hy baie hartseer, dan sê Hy dat Hy hulle sal vernietig, dan sê Hy weer dat Hy hartseer is oor

hulle. Hmm, verander God se karakter ooit so? Nee. God het vir ons gesê: *"Ek, die Here, het nie verander nie." (Maleagi 3:6).* Paulus vertel ons iets soortgelyks omtrent Jesus: *"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde..." (Hebreërs 13:8).*

Onthou, toe Jesus vriendelik was en die mense gehelp het wat lelik was met Hom, het Hy ons gewys hoe God altyd optree. God is altyd goedhartig teenoor ander wat gemeen wil wees en nie soos Hy wil lewe nie. Ons het sopas gelees dat God se karakter nooit verander nie. Hy het mense wat lank gelede geleef het op dieselfde manier behandel as wat Hy nou mense behandel. Hy is ALTYD *"goedhartig selfs teenoor mense wat ondankbaar en lelik optree." (Lukas 6:35).*

Toe God sien dat al hierdie mense nie volgens Sy wet van lewe en liefde leef nie, was Hy baie hartseer. Soos jou maat in die verhaal van die waaier waaroor ons vroeër gepraat het, wou hulle kies om hul vingers in die waaier te steek. Hulle sou HULSELF seermaak. Nogtans het God hulle so liefgehad, dat Hy vir sy vriend Noag gesê het om 'n groot boot te bou, wat ‘n Ark genoem word. Hoekom? Omdat God geweet het dat daar oor 120 jaar 'n vloed sou wees wat die hele wêreld sou bedek. Hy wou hê dat al die mense en die diere veilig moes wees, maar net Noag se familie het geluister en is saam met 'n paar uitgesoekte diere gered.



Maar waarom sou daar 'n vloed kom? Het God hierdie vloed veroorsaak omdat Hy al die mense wou vernietig wat nie van Hom en Sy manier van leef gehou het nie? Sommige mense sê "ja", maar ek en jy weet dat God liefde is en dat Hy altyd *"vriendelik is teenoor die ondankbares en slegtes"* en dat Sy *"liefde die naaste geen kwaad doen nie." (Romeine 13:10).*

Onthou jy, vroeër toe ons oor die bome gesels het, hoe hulle suurstof aan ons gee en ons vir hulle koolstofdioksied gee? Dit wys hoe God se hele skepping aan mekaar verbind is.

Die eerste twee mense wat God vir hierdie wêreld geskep het, was Adam en Eva. Op 'n dag het hulle gekies om nie na God se instruksies te luister nie; hulle het sy wet van lewe en liefde verbreek. Hulle het gesondig teen God se lewenswyse. Wat baie interessant hieraan is, is dat hulle sonde nie net hulself beïnvloed het nie, maar dat die aarde self ook daardeur beïnvloed was. Nadat hulle gesondig het, het God vir hulle gesê wat met die aarde sou gebeur:



**Die aarde is vervloek as gevolg van wat jy gedoen het. Jy sal nou sukkel om genoeg kos te kry. Jou kos sal plante wees, maar die grond sal dorings en distels voortbring. ~ Genesis 3:17-18.**

Het jy al ooit jouself met stekelrige dorings seergemaak? Hierdie dorings is die resultaat van sonde op hierdie aarde. Het jy geweet dat God ons mense uit die aarde geskep het?

> **En die Here God het die mens gevorm uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het die mens 'n lewende siel geword. ~ Genesis 2:7.**

Sien jy waarom sonde die aarde beïnvloed? Ons is uit die stof van die aarde gemaak; wanneer ons sondig, beïnvloed dit die aarde waaruit ons kom. In die boek Jesaja lees ons:

> **Die aarde is besoedel want die mense daarop was ongehoorsaam aan God se wette en het Sy insettinge verander (Sy vasgestelde tye van aanbidding) … 'n vloek verteer die aarde; die mense sterf weens hul sondes. ~ Jesaja 24:5-6.**

Hier sien ons weer dat ons sondige gedrag die aarde self beïnvloed nadat dit, in die begin, dorings voortgebring het.

4000 jaar nadat die heel eerste doring verskyn het, het Romeinse soldate vir Jesus 'n kroon van dorings gegee en dit op sy kop gedruk. Hulle het Hom bespot omdat Jesus gesê het dat Hy 'n Koning is. Hulle het nie verstaan wat Jesus bedoel nie.

Jesus het bedoel dat Hy 'n Koning van 'n koninkryk was wat glad nie soos die koninkryke van hierdie wêreld is nie. Jesus se koninkryk is nie 'n fisiese plek êrens nie, maar dit het eerder iets te doen met die manier waarop ons teenoor ander mense dink en optree. Jesus het dit oor sy koninkryk gesê:

> **Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: "Kyk, hier is dit!" of, "Daar is dit!" nie; want die koninkryk van God is hier by julle. ~ Lukas 17:20-21.**



Is dit nie wonderlik nie? God se koninkryk gaan oor teerheid, liefde en goedheid teenoor ander. Dit gaan alles daaroor om ons gedagtes (ons brein) te verander en te begin dink en optree net soos Jesus. Paulus het dit vir ons gesê: *"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was." (Filippense 2:5).* Waarom het ons die gesindheid van Jesus nodig om in ons te wees? God sê vir ons:

**Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie My weë nie, spreek die Here. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My weë hoër as julle weë en My gedagtes as julle gedagtes. ~ Jesaja 55:8-9.**

God se manier van dink is baie beter as ons s’n. Dit is waarom ons moet dink soos Jesus dink, sodat ons kan optree soos Jesus optree. Ons kan dit net doen as ons ook dink volgens Sy gedagtes, Sy manier van dink.

Ons brein beheer hoe ons teenoor ander optree. Dit wys dat ons hart en brein verbind is. Ons hart pomp bloed deur ons liggaam. Die Bybel vertel vir ons dat *"die lewe van alle lewende dinge is in die bloed." (Levitikus 17:11).*

Jesus het vir ons gesê: *"Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." (Johannes 14:6).* Jesus is ons lewensondersteuning (“life-support”). Hy hou ons aan die lewe. Dit is waarom ons Hom nodig het om in ons harte te leef. Die profeet Jeremia vertel ons sonder Jesus is *"die hart bo alles bedrieglik" (Jeremia 17:9).* Die woord "bedrieglik" beteken dat ons hart vir ons jok (mislei). Dit vertel ons dinge oor God wat nie waar is nie. Daarom sê God dat Hy ons 'n nuwe hart gaan gee wat gevul sal word met Sy eie onselfsugtige lewe:

**Ek sal jou hardkoppige hart wegneem en jou ‘n nuwe hart gee**

**en 'n begeerte om getrou te wees. Jy sal net suiwer gedagtes hê, want Ek sal My Gees in jou binneste gee, en aan jou die begeerte gee om my wette en insettinge te gehoorsaam ... ~ Eségiël 36:26-27.**

Wat bedoel God as Hy sê dat Hy sy Gees in ons harte sal plaas? Wel, dink aan God se Gees as jou PAL.

***P*** *= Presence* ***A*** *= Attitude* ***L*** *= Life*



God se Heilige Gees in jou is sy eie Heilige teenwoordigheid (presence), gesindheid (attitude), en lewe (life) wat in jou woon. Om "heilig" te wees, beteken dat jy graag ander wil dien. Het u al ooit so aan God gedink? Dat Hy JOU bediener is?


As 'n liefdevolle Vader voorsien Hy graag alles wat jy nodig het. Dit is die rede waarom Hy sê dat jy dan al sy wette en lering sal wil gehoorsaam. Om gehoorsaam te wees aan God se wette en lering is die NATUURLIKE gevolg van vervulling met sy Heilige Gees.

Jy sal daarvan hou om gehoorsaam te wees, nie omdat jy 'n beloning soek of 'n ernstige straf wil probeer vermy nie, maar omdat jy ***regtig*** daarvan hou om God te dien en Hom

eer te gee deur te wys hoe Hy sou opgetree het, deur ander mense te dien, nes Jesus gedoen het.

Dit beteken die manier waarop ons optree hang alles af van wat ons van God dink. Dink jy God is teer, liefdevol en goedhartig, of dink jy dat Hy gemeen optree en jou altyd dophou om te sien wanneer jy 'n fout maak sodat Hy jou kan straf? Ons gedagtes en optrede is gebaseer op die tipe god wat ons aanbid! Dit is waarom God Sy wet in ons gedagtes en harte wil skryf:

> **Die tyd sal aanbreek wanneer Ek, die Here, My wette sal skryf op hulle VERSTAND en HARTE. Ek sal hulle God (Bediener) wees, en hulle sal My volk (diensknegte) wees. ~ Hebreërs 8:10.**



Jesus het die Romeinse soldate toegelaat om daardie doringkroon met geweld op sy kop te druk, om ons te wys dat Hy ons so liefhet, dat Hy bereid is om toe te laat dat ons sondes, wat dorings bring, Hóm doodmaak in plaas van ons.

Ons harte en gedagtes het "soos doring" geword. Dorings verberg die natuurlike skoonheid van ‘n tuin. 'n Pragtige, fyn roos met dorings maak seer. Dorings en onkruid lewer getuienis van die feit dat hierdie wêreld gevul is met goed en kwaad, terwyl God dit met die goeie wou vul. Dit is hartseer.

As gevolg van sonde word God se skoonheid en sagtheid bedek en verberg deur die bedrieglike en lastige dorings. Jesus het toegelaat dat die doringkroon sy teer en liefdevolle gesindheid (Sy kop) deurboor sodat ons harte aangeraak word as ons Sy liefde deur die dorings sien. Toe ons sondige denke en harte Jesus aan die kruis laat hang het, moes Hy ons wys hoe donker ons gedagtes is voordat ons Sy liefde vir ons kon sien. Daarom het *"duisternis oor die hele aarde gekom" (Lukas 23:44)* terwyl Hy aan die kruis was, en toe Hy gesterf het, *"was daar 'n aardbewing, en die rotse het geskeur" (Matteus 27:51).*

Kan jy sien hoe die aarde self beïnvloed is deur die dood van Jesus? Die aarde het gereageer toe sy Skepper gemartel en seergemaak is. Soos 'n spieël het die duisternis

wat oor die aarde versprei het, ons gewys wat in ons gedagtes is. Dit beteken dat ons werklik nie verstaan het nie en dat ons verward was oor die ware liefdevolle karakter van God onse Vader. As gevolg van Jesus is ons in staat om deur die duisternis te sien en sien ons weer God se ware skoonheid, sagmoedigheid en liefde wat vir ewig duur. Soos 'n ware Vader wat al sy kinders liefhet, hou Sy liefde nooit op nie.

> **God het gesê dat daar lig moet skyn uit duisternis – Hy skyn in ons harte om die lig te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus. ~ 2 Kor. 4:6.**

Wanneer ons Jesus sien, kry ons "die kennis van die heerlikheid van God" omdat Hy werklik soos sy Vader is. Wat is dan God se heerlikheid? God het vir Moses gesê:

> **Daarop vra Moses, "Wys my asseblief U heerlikheid!" En God antwoord, "Ek sal al My majesteit (teerheid) by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die Here uitroep; maar Ek sal genadig (liefdevol) wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm." ~ Exodus 33:18-19.**



God se heerlikheid is sy karakter! God se karakter van tere liefde het deur sy Seun, Jesus, geskyn dwarsdeur die duisternis van ons verwarring oor sy karakter.  Kom ons

laat nie meer toe dat die donkerheid van sonde ons verder verlei nie.  Kom ons laat die lig van die ware karakter van God deur ons skyn deur Sy Woord elke dag te lees.

Dink aan alles wat ons so pas geleer het. Is dit moontlik dat die aarde siek was en dit die vloed veroorsaak het gedurende die tyd toe God Noag die Ark laat bou het? Wel, kom ons let weer op wat met die mense gebeur het net voor die vloed:

